# Aartappels SA-rugsakke sorg vir gelukkige glimlaggies



*Middeldeurvlei NGK Primêre Skool by Eendekuil, se opgewonde leerders.*



*Van links na regs is Ilana en Erik Engelbrecht, plaaslike aartappelprodusente, Conrad Tobias, skoolhoof van Middeldeurvlei NGK Primêre Skool, en PJ Nell, streekskoördineerder van Aartappels SA.*

Na afloop van Aartappels SA se jaarlikse navorsingsimposium in 2022, is simposiumbywoners die geleentheid gebied om hulle simposium-rugsakke terug te skenk vir Aartappels SA se skoleprojek. Twee skole in die Sandveld, in samewerking met van die personeel, het 80 kinders geïdentifiseer om elk 'n rugsak met 'n pennesakkie vol skryfbehoeftes te ontvang.

Winfield United het die pennesakkies geskenk wat deur Brand Surgeon met skryfbehoeftes gevul is en in die rugsakke gesit is, tesame met 'n pakkie skyfies geborg deur PepsiCo.

## Middeldeurvlei NGK Primêre Skool

Middeldeurvlei NGK Primêre Skool, 'n klein plaasskool wat 25 km vanaf Piketberg geleë is, was die eerste skool wat besoek is.

Die skool bestaan al 70 jaar en het tans 63 leerders en drie onderwysers. Die leergang strek vanaf graad R tot 7. Conrad Tobias is die skoolhoof en ook 'n onderwyser. Leerders maak daagliks gebruik van die voedingskema wat elke leerder van ontbyt en middagete voorsien om seker te maak hulle het genoegsame energie om te kan leer.



*Erik Engelbrecht, 'n plaaslike aartappelprodusent, oorhandig 'n sak aan 'n leerder.*

## Groenvlei Primêr

Groenvlei Primêr is 'n plaasskool wat 14 km noord vanaf Piketberg op die Elandsbaaipad geleë is. Die skool is gebou op privaatgrond wat deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) gehuur word.

Die skoolgemeenskap bestaan uit 23 omliggende plase in 'n radius van 16 km. Die skool bedien ook ongeveer 60 leerders wat in Piketberg woon. Hulle maak daagliks van die voedingskema gebruik.

Groenvlei Primêr het in 1972 ontstaan en was een van vele plaasskole in die omgewing. Sedertdien het talle ander plaasskole se deure toegemaak en leerders is na Groenvlei Primêr vervoer, aangesien dit die mees sentrale skool is. Die skool bedien vanaf graad R tot 7. Daar is agt onderwysers, een vir elke graadklas. Tans is daar 222 leerders by die skool.

Aartappels SA is dankbaar vir die geleentheid om 'n klein verskil aan hierdie kinders se skoolloopbane te maak.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 37 NO 3 • MAY / JUNE 2023



## MARKET AGENTS REMAIN A CRITICAL LINK IN THE POTATO VALUE CHAIN

## SUIDWES-VRYSTAAT KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP PETRUSBURG IN 2022

Baseline and market dynamics for the coming season

Weerstandigheid teen plaagdoders

Oorlewing van *Ralstonia* spp. in die grond